**Beter Diens**

FIETSE
RADIOS ens.

**H. VILJOEN**
**Pleinstraat**

# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
(UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE S.R.)
Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

Deel VI, Nr. 12. WOENSDAG, 1 OKTOBER 1952 Prys 1d.

Vir Alles Tuisgemaak Kom na
**DIE UITSPAN**
Ons Reël Partytjies en Dinees.
Bestellings word geneem vir Melkterte, Koeksisters, Koek ens.
*Die ENIGSTE Kafee in Matieland wat vir u tuisgebakte koek kan aanbied.*

# S.R.-HERVERKIESING MÔRE GEHOU

## Vyf Lyste Was Foutief: Vorige Verkiesing Ongeldig Verklaar

**OMDAT vyf van die nege lyste met die name van die S.R.-kandidate, in alfabetiese volgorde gerangskik, foutief was, is die onlangse Studenteraadsverkiesing ongeldig verklaar. Die herverkiesing vind môre plaas.**

**Volgens mnr. Dan Basson, die stembuskonvener, aan *Die Matie* meegedeel het, is die lys van name kort voor die verkiesing aan 'n tikster oorhandig om nege afskrifte daarvan te tik.**

Die fout het ingesluip nadat die eerste vier afskrifte korrek uitgetik is. Op die laaste vyf is die nommers van twee kandidate egter omgeruil, en dit was hierdie fout wat ongemerk deur die hande van die stembuskomitee gegaan het.

### ANDER KANDIDAAT

Die gevolg was dat 'n groot aantal kiesers waarskynlik vir 'n ander kandidaat gestem het as wat hul bedoeling was.

Beswaar teen die verkiesing is binne 24 uur na die bekendmaking van die uitslag ingedien. Die uitslag het om 2.15 vm. op die dag na die verkiesing verskyn.

Volgens konstitusie het die stembuskonvener die beswaar voor prof. dr. J. C. de Wet, een van die lede van die personeel van die Regsfakulteit, gelê.

### ONGELDIG

Prof. De Wet was van mening dat die tikfout wel die uitslag kon beïnvloed het en het dus die verkiesing ongeldig verklaar.

Aangesien die September-vakansie tussenbeide gekom het, kon die herverkiesing nie belê word vir enige dag voor môre, Donderdag, 2 Oktober nie.

**Dieselfde vyf-en-twintig kandidate gaan dus môre weer na die stembus, en soos op 15 September sal stemgeregtigde studente vir hoogstens twaalf kandidate mag stem.**

Die arbitrasiehof, bestaande uit drr. De Wet, Yeats en Van der Westhuizen het naamlik gistermiddag 'n aansoek van mnr. Mike Meyer, een van die kandidate, om hom aan die verkiesing te onttrek, verwerp.

## SPESIALE UITGAWE

**Hierdie is 'n spesiale herverkiesingsuitgawe van DIE MATIE. Indien die blad vir u 'n bietjie karig lyk, vra ons om verskoning — dit moes inderhaas opgestel word om betyds te verskyn vir die verkiesing.**

## S.R.-VERKIESING: LET WEL!

**Studente in Lettere, Wysbegeerte, Bosbou en Regte (uitgesonderd B.Comm. Regte) stem by die HOOFGEBOU.**

**Gewone Wetenskappe en Landbou I — NATUURWETENSKAPLIKE GEBOU.**

**Huishoudkunde-, Spesiale en Musiek-, Voordrag- en Toneelstudente — HUISHOUDKUNDE-GEBOU.**

**Opvoedkunde — OPVOEDKUNDE-GEBOU.**

**Sosiale Wetenskappe en B.Comm. Regte—HANDELSGEBOU.**

**Landboustudente (uitgesonderd Landbou I)—LANDBOUGEBOU.**

**Ingenieurs — INGENIEURSGEBOU.**

**Jokl — GIMNASIUM, COETZENBURG.**

- **STEMBUS OOP VANAF 8 vm. TOT 4.30 nm.**
- **EERSTEJAARS, JULLE IS STEMGEREGTIG**

## Hier Is U Kandidate

*RUDI ANDRAG*
*CHRISTO (S.C.) BOTHA*
*CON BOTHA*
*ALTA BREDENKAMP*
*MARCHAND DE KOK*
*PIET HOUGH*
*ATTIE (J.A.) JOOSTE*
*PIET LOMBARD*
*EBEN LOUW*
*LIEBIE LOUW*
*MIKE MEYER*
*JAN H. (WIT) NEL*
*PEET NIENABER*
*JAN PREUYT*
*TERTIUS RELIHAN*
*ENA ROSSOUW*
*FELLA SCHOLTZ*
*NICO VAN DER MERWE*
*NICHOL (G.N.A.T.) VAN DER MERWE*
*KOOS VAN DER WESTHUIZEN*
*HENNIE VAN HEERDEN*
*DUDLEY VERMAAK*
*ANNA VERWOERD*
*JAN VILJOEN*
*BASIL WUNSH*

*Stem vir Hoogstens 12*

## WEDSTRYD

**DIE MATIE bedank sy lesers hartlik vir die rekordaantal inskrywings vir ons verkiesingswedstryd. Hierdie inskrywings staan oor tot na die bekendmaking van die uitslag van die herverkiesing. Die uitslag van die kompetisie sal dan in die volgende uitgawe van DIE MATIE bekendgemaak word.**

## KENNISGEWING

Alle erkende verenigings en klubs word dringend versoek om hul onderskeie nuwe besture voor 17 Oktober e.k. te verkies en die verenigingskomitee so gou moontlik daarvan in kennis te stel.

Dudley Vermaak,
Dagbreek, 2/37.

# „DIE MATIE" VYF JAAR OUD

**OP Donderdag, 9 Oktober, vier *Die Matie* soos ons hom vandag ken, sy vyfde verjaardag. In die loop van hierdie korte tyd het die blad reeds 'n merkwaardige ontwikkeling deurgemaak.**

DIE MATIE is egter nie die eerste studentenuusblad op Stellenbosch nie. Benewens verskeie vroeëre pogings, het die plaaslike tak van die gewese Afrikaanse Nasionale Studentebond in 1941 reeds 'n weeklikse studentekoerant uitgegee wat ook DIE MATIE geheet het.

In 1946 het die Nasionale Jeugbond daartoe oorgegaan om 'n studentekoerant, WERDA, uit te gee. Die kompetisie tussen die twee blaaie was egter te sterk sodat albei in dieselfde jaar opgehou het om te bestaan.

### BEHOEFTE

Die behoefte aan 'n nuusblad het hom egter spoedig eens so sterk laat geld sodat die Studenteraad reeds in die volgende jaar die moontlikhede om 'n eie blad daar te stel, laat ondersoek het.

**Deur die onvermoeide ywer van veral mnr. Pieter de Kock het die eerste uitgawe van DIE MATIE as orgaan van die Studenteraad dan op Donderdag, 9 Oktober 1947 verskyn. Mnr. De Kock was ook die eerste redakteur.**



**PIETER DE KOCK**
*— Vader van Die Matie*

Gedurende die vyf jaar van sy bestaan het DIE MATIE hom reeds deeglik op Stellenbosch ingegrawe. Nie alleen dek die verkope op Stellenbosch self feitlik die hele studentegemeenskap nie, maar die intekenare buite Stellenbosch tel reeds honderde.

### OUD-REDAKTEURS

Die oud-redakteurs van die blad is mnre. Pieter de Kock (1947—'48), Jan le Roux, tans van Benoni (1949), Sas Strauss, tans van Bloemfontein (1950) en Al Capone Olivier (1951).

As die enigste tweeweeklikse studenteblad van hierdie formaat het DIE MATIE oorspronklik gereeld met ses bladsye verskyn. In die loop van 1949 het enkele uitgawes al agt bladsye beslaan, en sedert die daaropvolgende jaar is dit die normale grootte van die blad. Verlede jaar het een uitgawe egter in tien bladsye die lig gesien en onlangs is nog 'n mylpaal bereik met die Intervarsity-uitgawe met twaalf bladsye.

**Hierdie ontwikkeling is alleenlik moontlik gemaak deur die steun van die blad se intekenare en adverteerders en die mildelike subsidiëring deur die Studenteraad.**

# Die Matie

**REDAKSIE**

**HOOFREDAKTEUR:** CON BOTHA (Huis-Visser).

**SUBREDAKTEURS:**

**NUUS:** ALBERT CRAFFORD (Wilgenhof); ALBERT OCKERSE (Huis-Marais); BRAAM LATEGAN (P.S.O.) en GUSTAV SMIT (Huis-Marais).

**KUNS:** WILLEM BOTHA (Wilgenhof).

**SPORT:** HERKLAAS VILJOEN (Helderberg); MIETSIE MARAIS (P.S.O.) en GRAAFF OOSTHUIZEN (Dagbreek).

**ADMINISTRASIE:**

**Finansies:** J. J. HEYNS (Dagbreek).

**Advertensies:** TINY KRIGE (Dorpstraat 126).

**Sirkulasie:** CHRISTO BOTHA (Wilgenhof); J. A. DU PLESSIS (Wilgenhof).

**Fotografie:** PIERRE ROUX (Helderberg).

**Spotprente:** SCHALK WALTERS (Huis-Marais).

WOENSDAG, 1 OKTOBER 1952


# DIE TWEEDE KEER

Die ongeldigverklaring van die onlangse Studenteraadsverkiesing is 'n ongelukkige gebeurtenis. Die vertraging van die Studenteraadsfunksionering mag ten gevolg hê dat die Raad en sy komitees nie voor aanstaande jaar behoorlik aan die werk sal kan spring nie.

Maar verlore tyd mag moontlik nog ingehaal kan word. Die sielkundig nadelige invloed wat hierdie ongeldigverklaring op die gemoedere van ons medestudente kan hê, is ons insiens 'n veel meer verontrustende komplikasie.

Die persentasie stemme uitgebring by die verkiesing in September was slegs 63. Dit is laer as by sowel die verkiesing verlede jaar as dié van 1950.

Vrees dat dié persentasie nou nog laer kan daal tensy ons een en almal ons voorneem om nou te stem, is seker nie ongegrond nie.

Ons wil dus 'n beroep op ons lesers doen om die feit dat die lyste nie almal korrek was nie, te beskou as 'n bloot menslike flatertjie in die lig van die omvang van die werk wat die stembuskomitee op sy hande gehad het. Laat ons dit vergeet en weer gaan stem. Laat ons toon dat ons werklik belangstel in ons Studenteraad.

Ons wil u vriendelik nader met die versoek om ons behulpsaam te wees om die herverkiesing onder die aandag van die hele studentegemeenskap te bring. Moedig u vriende môre aan om te gaan stem. Wie weet, dalkies kan die persentasie môre nog opgeskuif word!




*Certainly, Sir!*

*Delivery right away! Van der Stel's for Service! We carry large stocks of South African and Imported Wines, Spirits, Malts, Cordials and Mineral Waters. And if your particular request is not in stock we'll do our best to get it for you—quickly. Make a note of our phone number. It's 94. Good day, Sir!*

**VAN DER STEL BOTTLE STORE**

Telephone 94 STELLENBOSCH

● HUISFUNKSIES
● PARTYTJIES
● UITSTAPPIES

*Ons beskik oor die Grootste Verskeidenheid Eetware en Snoeperye in die Dorp*

●

**A. BLOMMAERT**

(Eienaar: E. A. Blommaert)

Hoek van Kerk- en Andringastraat

STELLENBOSCH

APTEKERS

*Probeer Ons Vir Afdrukke En Vergrotings Van U Negatiewe*

**JOERNING EN SEUN**

(EIENS.) BPK.

FOON 24

H/v BIRD- en PLEINSTR.,

STELLENBOSCH

**DIE PANORAMA-KAFEE**

DIE POPULÊRSTE KAFEE IN

STELLENBOSCH

VIR —

- Tee, Warm en Koue Etes
- Tuisgemaakte Koek, Wafels, Pannekoek, ens.
- Die Beste Geregte, Smaakvol Bedien, Unieke Atmosfeer.
- Ons Roomys-melkdranke, „Parfaits," „Banana Splits," „Sundaes," ens., is Onverbeterlik.

● *Hou julle volgende Partytjie by ons* ●

ONS IS ELKE DAG TOT JULLE DIENS VAN 8.30 VM. TOT 11.30 NM.

Eienaars: Mnr. en Mev. E. W. BURTON

TELEFOON 1091 — ANDRINGASTRAAT


DIE MATIE word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die Studente Verteenwoordigende Raad, Stellenbosch.


**Colin Lockley**

EN KIE

Pleinstraat

STELLENBOSCH

*Spesialiteite in* VERGROTINGS, KLEUR- EN ALLE BUITEFOTOGRAFIE



*Vir al u*

**MUSIEK-BENODIGDHEDE**

*besoek*

**D. JUSTUS**

(Voorheen R. Müller Bpk.)

MUSIEKHANDEL

Posbus 22 —— Telefoon 33

51—53 Pleinstraat

STELLENBOSCH

●

PAS ONTVANG —

TELEFUNKEN-PLATE

*VIR DIE GROOTSTE VERSKEIDENHEID*

SWEMBROEKIES

*KOM NA*

DE WET'S

*EERSTE !*

*Enigste Agente vir* **JANTZEN-Baaikostuums**

**Groot Verskeidenheid Amerikaanse GANTNER-Swembroekies**

*Hier is die Nuutste !*

**TARZAN-Baaibroekies. Nylon-Swembroekies**

Kom besigtig ons pragtige verskeidenheid Club Caribbean Sporthemde. Die grootste verskeidenheid op die dorp. Ook Effekleurige Nylon-dasse, Nylon-onderklere, Nylon-hemde.

Berei u voor vir die someseisoen deur u Krieketkolf en Tennisraket vroegtydig uit te soek.

VRA OM ONS NUUTSTE PRYSLYS.

GEBRS. DE WET

DIE MATIEWINKEL

Posbus 21 Foon 20 en 21

STELLENBOSCH

**EDRICH**

*Vir*

FOTOGRAFIE

RAAMWERK

KUNS

TUSSEN KLASSE

en

NA FLIEK

Besoek die

**Eike-Kafee**

RYNEVELDSTRAAT




**Suid-Afrika is Leeu-wêreld!**

AA1143B




VIR GEMAK

*Vervaardig deur* **A. P. LUBBE en SEUN**

Langs Polisie-stasie Foon 44

**CARL BERGH**

(EDMS.) BPK.

*MAKERS VAN GOEIE KLERE*

PLEINSTRAAT, STELLENBOSCH

Foon 477